

Saterdag 5 Augustus

Skrifgedeelte: Genesis 15:7-21

Fokusgedeelte: Genesis 15:17, 18

God maak jou deel van sy genadeverbond

In vers 8 vra Abraham hoe hy seker kan wees dat God al sy beloftes gaan waar maak. Dan beveel die Here hom in vers 9: “Bring vir my ’n vers, ’n bok en ’n skaapram, almal drie jaar oud, en ’n tortelduif en ’n jong duif.”

Toe die Here sê: “Bring vir my die diere”, het Abraham dadelik geweet waarom dit gaan. Hy het geweet dat dit ’n seremonie was vir die sluiting van ’n verbond (ooreenkoms). Daarom weet Abraham wat om te doen. Hy sny die diere (behalwe die klein voëls) middeldeur en lê die twee helftes teenoor mekaar.

In daardie dae het die partye wat ’n verbond gesluit het, tussen die helftes van die diere deurgeloop. Daarmee het elke party gesê: “As ek nie die verbond nakom nie, sal ek soos hierdie diere in stukke opgesny word.” Hier in Genesis 15 gebeur egter iets fantasties! In sy verbond gaan God alleen deur die diere. Daarmee sê Hy dat Hy ons, wat sy verbond met ons ongehoorsaamheid verbreek het, sal red.

Dit is dan ook presies wat gebeur het! Jesus het mens geword om vir ons sondes te betaal. Hy is vir ons sondes stukkend geslaan en aan die kruis het die donkerste donker oor hom gekom toe Hy uitgeroep het: “My God, my God, waarom het U my verlaat?” (Mark. 15:33).

Deur geloof is alle gelowiges kinders van Abraham (vgl. Rom. 4 en Gal. 4) en is ons deel van God se genadeverbond. Jou doop is die teken dat jy deel is van die genadeverbond. Dink vandag aan jou doop en leef as ’n verlose kind van God.

Sing: Psalm 105:1, 5 (1936)

Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Pretoria-Annlin)